# HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE

SUID-AFRIKA: Finansies: 082-324-1949, Posbus 906-035, Magalieskruin 0150 Suid-Afrika
Nuusbrief: 072-684-9585, Posbus 8826, Edleen 1625 Gauteng Suid-Afrika
ZIMBABWE: Leraar: Ds Jaco de Bruyn, Adres: PO Box 122, Marondera
Selfone: 00263-912 344 919 (J) 00263 912 885 709 (B)
E-posse: Ds Jaco: lite1277@gmail.com Beulah: mcmommyshouse@yahoo.com

## NUUSBRIEF MAART 2015

Liewe vriende,

Die jaar 2015 het met bitter min opgewondenheid en verwagting vir gewone Zimbabweërs begin. Die redes daarvoor is baie en oorbekend. Nogtans was daar tog ‘n skewe glimlag van staatsamptenare. Die regering het hulle gedwing om die feesseisoen te spaar deur sy belofte te breek en nie hulle bonusse op die beloofde tyd te betaal nie. Gevolglik was daar wel ‘n geldjie beskikbaar vir al die “terug-skool-toe”-uitgawes van die jaar.

Zimbabwe bly ‘n land waarvan ‘n mens dink: 'Nou kan dit nie slegter gaan met die man op straat nie' en dan gaan dit slegter en dan bly die mense aan met leef en glimlag en hoop. Die huidige magstryd in die regerende party het niks te make met die verbetering van die gewone mense se lewenstandaard nie. Dit gaan oor eie belang en sitplek op die soustrein. Ongelukkig is hierdie tendense maar al te duidelik sigbaar in vele kerke. Dit is juis in hierdie soort tye en situasies dat die kerk duidelik anders as die wêreld moet wees.



Korttermynuitreike het baie moeilik geword. Ek praat nie eers van uitreike uit Suid Afrika, Australië of Amerika nie; sommer net ‘n gewone naweekuitreik vanaf Marondera na ‘n groeipunt in die platteland. Mense kyk na die Jesusfilm as vermaak en die besoek word skeefgetrek deur hulle verwagting ten opsigte van die “handouts” wat gepaard gaan met so 'n besoek. Die houding van: 'as Jesus nie my situasie verander soos ek dit wil hê nie, dan stel ek nie belang nie', loop baie sterk.

Vir my lê die waarde van sendingwerk in Zimbabwe huidiglik in die opregte 'daar wees' vir mense wat daagliks sukkel om vel en been bymekaar te hou. Die gawe om deur middel van opregte woorde, gepaardgaande lyftaal en stiptelike nakom van beloftes, verhoudings te bou waaruit mense se lewens verryk kan word, moet in die tyd van die Heilige Gees gesoek word. Hierdie is nie iets wat deur korttermynuitreike van ver af bereik kan word nie.

Ek voel korttermyn-uitreike na Zimbabwe behoort nou te gaan daarom om die sendeling wat daar is, te ondersteun en nie sy werk vir hom te kom doen nie. Van die waardevolste ondersteuning sal wees om bloot by hom te sit en begrypend te luister en te praat oor sy “topics”. ‘n Ander aspek sal wees om met die mense waarmee hy werk, te praat oor die makrokonteks van sy werk en hoe oor hom gevoel word daar waar hy vandaan kom. (Dit sal nie veel help om te probeer om meer mense tot bekering te bring as hy nie).



Daar is ook goeie nuus vanuit Zimbabwe: God is steeds aan die werk. My waarneming van sommige gemeentes se erediensbesoek is dat die getalle wel daal, maar vir die wat wel kom, is die saamwees met ander Christene ‘n baken van hoop. Hulle sien uit na die byeenkoms op ‘n Sondag. Opregte woorde van ondersteuning, een wees is in gebed en bemoediging vanuit die Bybel, is opvallend deel van mense se wisselwerking.

Die klompie gelowiges op Bemba-plaas verkeer onder groot druk. Die plaas gaan finansieel ten gronde en daar word duidelik aan die werkers vertel dat daar nie geld is vir hulle pakkette nie. Verder wonder almal of hulle deur die nuwe huurder/bestuurder in diens geneem sal word.

Self sukkel ek op die oomblik sonder ‘n rekenaar. My selfoon is wel ‘n slimfoon, maar dit is nie so slim nie. My begroting bly baie klein en praktiese hulpverlening het bykans tot stilstand gekom. Die realiteit is dat Hope Ministries, soos ander sendingorganisasies, al lank met finansies sukkel. Die situasie het die afgelope tyd drasties vererger met die ekonomiese situasie in Suid-Afrika waar die meeste steun vandaan kom. Ons het die die afgelope paar maande 40% van ons inkomste verloor weens ondersteuners wat nie meer in staat was om geldelike bydraes te maak nie.

In ‘n poging om finansieël te kon voortgaan, het ek stukwerk begin doen en Beulah items wat sy met die hand maak op straat- en vlooimarkte begin verkoop. Die huidige verblyfpermit laat ons nie toe om betrekkings te aanvaar nie. Dit het egter nie die kontantvloeisituasie verander nie en ons het al verder agteruitgeboer. Moeilike besluite moes geneem word. So is ek tans besig om die tweede voertuig en ander huishoudelike items te verkoop in ‘n poging om agterstallige huur te delg.



Die materiaal en mark vir die items wat Beulah maak om te verkoop, is oorweldigend beskikbaar en geleë in Suid-Afrika. Die jaarlikse mark van Con-Amore Skool is ‘n goeie voorbeeld hiervan. Beulah spandeer tans baie tyd in Suid-Afrika by haar dogter, waarvandaan sy die verkope bedryf. Sy kom Zimbabwe toe soos nodig en ek besoek Suid-Afrika so dikwels moontlik. Ons gaan nou gebuk onder dieselfde spanning as vele ander Zimbabweërs: een probeer die pot aan die kook hou deur ‘n inkomste in die buiteland te verdien terwyl die ander dieselfde in Zimbabwe probeer. Ons hanteer sake nou maar van dag tot dag.

**GEBEDSVERSOEKE:**

Bid asb. dat die Here:

1. Godvresende leiers, wat die belange van die mense op straat op die hart sal dra, vir die land sal gee.
2. Duidelike leiding en uitkoms sal gee vir die mense op Bemba en dat hulle sal vasstaan in hulle geloof en getuienis gedurende die laaste maand of twee.
3. Die lede van die Vorm Een sokkerspannetjie die Here sal aanneem as hulle Saligmaker en visie sal gee ten opsigte van hul toekoms.
4. Die graad sewe leeringe met wie ek saamwerk, persoonlik sal ontmoet en dat hulle die jaar se geleenthede sal aangryp om hulle vir ‘n gebalanseerde volwasse lewe voor te berei.

Dankie dat u gelees het en dat u vir ons en ons bediening plek maak in u harte en voorbiddingslys.

# Jaco en Beulah de Bruyn.

**Vanaf die gemeentes wat ds Jaco-hulle ondersteun, vra ons dringende gebed vir Ds Jaco en Beulah, op liggaamlike en geestelike vlak, in hulle huidige situasie. Bid asseblief vir seën op hulle geestelike werk en op hulle projekte om 'n inkomste te in. Dat die Here die omstandighede in Zimbabwe so sal verander dat daar weer hoop en voorspoed vir die mense in hierdie geteisterde land sal aanbreek. Bemoedigende boodskappe en bydraes aan die egpaar is welkom. Hetta Kotze, NG Kempton-Kruin**

Bankbesonderhede: Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159

*****************************************************************************************